



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Kammanuus help met Kosblikkies, en jy?

Voordat ek aangaan met die volgende stukkie van die boek, net vinnig terugvoering oor KOSBLIKKIE. Ek het hulle geskakel en met Vena Strauss by Helpende Hand gepraat. Soos julle sal sien, is daar ook 'n manier vir ons lesers in die buiteland om betrokke te raak by ons armblankes in Suid-Afrika se drukkende nood om veral hul kindertjies daaglik te kan voed.

Hier is Vena se terugvoering:

Dankie, vir die lekker gesels en "reguit vrae" ons het werklik groot waardering vir jou deeglike navorsing. Dit is nog lekkerder om vir jou die versekering te gee dat die KOSBLIKKIE-projek nie funksioneer soos wat die betrokke dame dit voorgestel het nie.

Gaan loer gerus ook by www.helpendehand.co.za vir meer inligting. Hier- die projek bied goeie volhoubare en sigbare verskille. Renè du Preez is die projek se koördineerder vir ons platform vir ons buitelandse vriende expatcares.com. Finansiële ondersteuning kan met PayFast en PayPal geskied.

Ek gaan jou nuusbriewe rustig deurlees en myself inteken daarop. Dit is vir ons belangrik om met ons medelandgenote kontak te hou. Helpende Hand groete. Vena Strauss Solidariteit Helpende Hand Kliëntediens Tel: 012 644 4390

Nou ja, daar het julle dit. Onthou ook, elke druppeltjie R5 se SMS gee 'n bordjie kos, so stuur vandag nog die woordjie **BORD** na **36930**. **Kammanuus** gee ook vanaf hierdie maand R500 op 'n slag uit ons fonds wat intussen weer aangegroei het tot oor die R7 000!

ANDERKANT DUSKANTLAND: Hoofstuk 2

My nuwe baas laat weet uit HongkKong my eerste projek is in die Filippyne en ek moet sommer direk daarheen vlieg. Een ding wat tot vandag nog toe nog 'n reusepyn in die agterstewe bly, is dat mens nie sommer net kan oppak en vlieg nie. Werkswisa-aansoeke bly maar 'n nagmerrie. Die rompslomp het intussen net nog erger geword.

Wat ek dadelik nogal vreemd gevind het, was dat die Filippyense ambassade aangedring het dat my aansoek en getuigskrif juis kleurfoto's moes insluit. Ek sou later uitvind dat, soos ook in Chili byvoorbeeld, hulle op daardie bedekte manier so stilweg uitsif op basis van velkleur wie hulle toelaat en wie nie.

Weer gaan hierdie vinkmannetjie vooruit om nessie te bou terwyl kamermaatjie in Suid-Afrika agterbly en regmaak om bietjie later te kom aansluit. Na al die jare se rondreis, vind ek dis maar die beste manier en ek sien meeste ander gesinne maak ook so.

Moet net nie dink jy gaan die regte blyplek klaar kies nie. Dit bly maar 'n besluit wat saam geneem moet word. Al is die plek wat ek kies ook net tydelik, sal my wyfie op die langste so 'n dag of twee wag. Wanneer ek dan van die werk af terugkom, is die meubels subtiel geskuif en die prente effens verhang. Ek sal kamtig effe grom en brom maar hier binne voel mens sommer dadelik meer tuis, meer by die huis.

Die vlug na Manilla was via Hongkong. Die oggend toe ons inkom vir landing, vind ek uit hoekom vlieëniers na die vorige lughawe van Hong Kong altyd verwys het as die een van die wit kneukels. **Volgende keer vertel ek hoekom.**

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Griekwa Afrikaans

Griekwa Afrikaans het baie juweeltjies. Hier is Hans du Plessis se vertaling van Joh. 3:16:

"So lief het die Jirre die mense gehet, lat Hy nou Hy se Kjent gekom gestier het, lat dies wat in Hom glo en vi hom bit, vi ewig in die jimmel kan ga sit."

Limeriek

Daar was 'n jong nooi van Benoni
wat haar oë een dag nie kon gloni.
Sy het altyd gedog
sy's gebou om te spog -
en toe bly haar bikini nie boni!

Switserse sprokie?

Wat is die oorsprong van die uitdrukking "Om hare op jou tande te hê"?

Dit kom van die nou vredeliewende Switsers af. Hulle was die eerste bekende huursoldate en hulle sou by enige leër aansluit as die besoldiging reg was.

In teenstelling met hulle neutrale beeld van vandag as koekoekklokmakers was hulle kranige krygers wat gevrees is vanweë hulle onverskrokkenheid.

Om dié beeld verder te bevorder, het hulle woeste snorre gekweek wat hulle lippe en ook tande grotendeels verberg het.

Dit het vir die vyand laat dink dat hulle hare op hulle tande het – en hulle het nie vir die duiwel gestuit nie

ONS DORPIES (4)



Okiep

Okiep is 'n dorp in Namakwaland en is in 1862 gestig nadat koper hier ontdek is. Die naam is vroeër geskryf as O'okiep, en beteken in Nama plek van brakwater.

Okiep is in die 1870's beskou as die rykste kopermyn ter wêreld. In 1866 is 'n smalspoorlyn na Port Nolloth aan die Atlantiese kus gebou, waarvan die kopererts verskeep kon word. Deesdae word padvervoer gebruik tot by die stasie op Bitterfontein.
Bevolking: 6 304.

Vlieg in die self

Vergilius het die behoud van sy landgoed aan 'n vlieg te danke gehad.

Die Romeinse regering het wetgewing uitgevaardig wat grond onteien het (klink bekend).

Grond waarop grafte was, was uitgesluit. Vergilius het hiervan te hore gekom en 'n dooie vlieg gevind.

Die vlieg is met volle eerbewys en roubeklaers begrawe en 'n mausoleum is gebou om die graf. Dit het hom 'n bedrag gekos, maar sy landgoed is behou. Dit was nou 'n vlieg in die self van die regering.

Historiese humor

'n Verslaggewer het aan Mahatma Gandhi gevra wat dink hy van die Westerse beskawing.
Ghandi: "Ek dink dit sal 'n goeie idee wees.'

Die herkoms van gesegdes (47)

Tromp-op: Iemand tromp-op loop (iemand reguit benader)

Die tromp is die loop van 'n geweer; om iemand dus tromp-op te loop, beteken om figuurlik tot by die punt van sy geweer te loop, dit wil sê vreesloos.

Tweegatjakkals: 'n Tweegatjakkals ('n onbetroubare persoon wat hom anders voordoen as wat by werklik is). Die twee gate waarna verwys word, het niks met die agterkant van die jakkals te make nie, maar met twee gate in die grond. Die jakkals kan altyd ontsnap by die een waar daar nie moeilikheid of gevaar (soos honde) wag nie.

Uiltjie: 'n Uiltjie knip ('n rukkies slaap) 'n Samesmelting van Nederlands een uiltje knappen (vangen) en Gronings een vlinder knippen. Die uil is waarskynlik gekies omdat dit kort rukkies, maar ook afgesonderd, slaap.

Duskantlander in Anderkantland

Jy ken die ekspatvroue maklik

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Die talente-ding pla my. Om my is daar vrouegroepe wat Ghana-lap versnipper met rolsnyers en weer behendig in patrone aanmekaar werk vir laslaphandsakke. Ek staar oopbêk – te mooi vir woorde.

Ander ontmoet voormiddae, tel, plan, ryg en toor die allermooiste Ghana-kralewerk aanmekaar. Nog 'n groep is besig om 'n kookboek aanmekaar te spoeg en plak. Sê ou net ek is veronderstel om hierdie wa-wa-woom talent te laat blom - en ek sit en broei 'n dooie eier se talent uit?

Sien, die ding dat expat-vroue hier in Wes-Afrika se kant nie kan werk nie, frustreer die blou waks uit my uit. Dis reeds so groot *vergunning* dat een werkspermit vir manlief uitgereik is, dis so dat 'n tweede werkspermit vir Mammie letterlik die kossies uit 'n arme plaaslike mensie se mond sal pluk.

Onse vroueliefies is die outydse *plus een*. Saamgenooi om manlief se pad na waansinnigheid se spoed te breek, want ons gaan eerste daar uitkom! Nou slaan ons maar onse hande aan lappies en kralewerk en kookkuns.

Nou hoe dan as jy 'n ernstige gekwalifiseerde trauma verpleegsuster of remedieërende skooljuffrou met sakke vol talente en geleerdheid is? As mens nou die reëls wou breek en jou dienste aanbied - selfs sonder vergoeding - kan jy woeps-waps in warmwater beland. Jy word summier aangekla, gearresteer, verskree en in 'n klein kamertjie toegesluit totdat jou man om jou vryheid kom onderhandel met verskonings en mooipraatjies en daai krom goed wat regmaak dit wat stom is.

Ten spyte daarvan, word die man se werkspermit gekanselleer en 'n kort briefie van immigrasie laat weet jou julle moet die land binne twee-en-sewentig uur verlaat.

Mens vra maar rond, oor hoe gemaak, want ydele hande is die duiwel se kopkussing. Dit help om te luister na goeie advies. As Stinatjie en Magriet nou mooi rondkyk sal hulle besef al die vrouens sit en roei dieselfde bootjie.

“ **Die Mari-Zelle soort tel die dae af wanneer hulle kan wegfladder en stink bloukaas van tannestokkies kan afsuig.**

Hier is waar die drie soorte Evas van mekaar geskei word. Die eerste soort het gewoonlik 'n naam soos *Mari-zell* wat in RSA iewers in 'n Kloof, op 'n Rif of in 'n Vallei gewoon het. Hulle vereenselwig hulle-se-soort nooit met dit wat hulle in Akkra teëkom nie. Hoe weet jy hulle ry 'n Mercedes terug by die huis? Hulle vertel jou. Hulle praat onophoudelik van hulle beplande tuisbesoek, en verveel jou met straatjies van hulle mees onlangse gholflandgoed-vakansie. Die *Mari-zelle*-soort bly eersteklasvlugbesoekers wat nooit inpas nie en heeltyd die dae en ure aftel wanneer hulle kan wegfladder en stink bloukaas van tannestokkies kan afsuig.


Die tweede soort is besige bytjies wat weet waar die nuutste restaurant in Akkra oopmaak. Hulle word gesien by talle funksies in moderne skemerkelkrokkies en wipkapsels. Hulle het uitspreekbare name, ougat sportiewe kinders, reis binne Ghana se landsgrense na eksotiese strande en fotografeer skilpaaie se nagtelike eierlêssessies. Hulle gryp die kultuur uitruil ding aan die keel beet, en leer die kombuisfeëtjie om bobotie en Boerewors te bemeester.

Die derde soort het name soos *Harmonie* of *Duifie* en vir haar sien jy net een keer. Dis genoeg om vir altyd 'n gebreekte spieëltjieprent vas te lê. *Duifie* is laas gesien toe hulle by die kultuuraand 'n tromvertoning aangebied het. Sy was derde van links met die grootste trom tussen haar groottone en knieë. Harmonie-hulle tip te veel na die lokale kant, hulle assimileer en eet lokale brandbêk-kos, rol hulle hare in vlegselstringe en dra dieselfde klere as laas week. Immigrasie soek nie na hulle nie, *Duifie*-hulle praat lankal 'n lokale dialek en immigrasie is skrikkerig vir hulle.

Nou waar pas ek en my talente in? Onthou, 'n ketel is meestal tot by sy nek in warm kookwater, tog sing die ketel altyd! Oor ons *Mu'sadi*-Benz innie oprit swyg ek, ek paradeer my skemerkelkrokkie elke kans wat ek kry en bekijk die tromvertoning van annerkant die draad...

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



MANS IS ANDERS

As Sannie, Emmarentia, Linda en Marietjie saam kuier, noem hulle mekaar Sannie, Emmarentia, Linda en Marietjie.

As Sarel, Pieter, Dawid en Gerhard 'n slag besluit om saam te kuier, verwys hulle toegeneë na mekaar as Dikkes, Boep, Stingel en Beertjie.

MAER SE NADELE

"Wanneer ek TV kyk en al daai armsalige, sterwende kinders vanoor die wêreld sien, kan ek nie help om te huil nie.

"Ek meen ek sal daarvan hou om self so maer te wees, maar nie met al daai vlieë en ellende en goeters nie.

-- **Mariah Carey**, Latin-American sangeres en multimiljoenêr.

SUINIGE SKOTTE

In Skotse restaurante maak hulle die messe warm sodat jy nie te veel botter gebruik nie.

Dan is daar die gerug dat die Grand Canyon begin is deur 'n Skot wat 'n muntstuk in 'n sloot verloor het.

STANDBEELDE

Daar was 'n berig dat Johannesburg se stadsraadswerkers deur die EFF aangeval is. Die werkers was blykbaar besig om slote te grawe, Maar hulle het so lank stil gestaan dat die EFF hulle vir standbeelde aangesien het. Sewe van die werkers word behandel vir 'n oordosis verfinname.

Die tragiese ding van elke sakkie vol rosyntjies is dat hulle wyn kon gewees het.

SANNIE SE LIEDJIE

Klein Sannie kom vir die eerste keer van die Sondagsskool af en haar ma wil weet wat het sy geleer.

Sy sê:

"Ons het 'n liedjie geleer van die omie en tannie wat hier langsaan bly as hulle baklei en die tannie die oom so slaan."

"Nou hoe so?" vra haar geskokte ma.

Sannie se:

"Ons het gesing 'Looi hom met die trommel, looi hom met die hark, looi hom met die stinkende sandale.'"

Van Gerrie Scholtz

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



As vroue tog net geweet het wanneer om stil te bly

'n Verkeerskonstabel trek 'n motor af vir spoed.

Die drywer sê: "Jinne, Konstabel, ek het my kontrolemeter op 80 km/h gestel gehad. Dalk moet jou instrument gekalibreer word."

Sonder om van haar breiwerk op te kyk, sê die drywer se vrou: "Moenie laf wees nie, Skat. Jy weet mos hierdie motor het nie so 'n instrument nie."

Terwyl die konstabel die kaartjie uitskryf, kyk die drywer na sy vrou en grom: "Kan jy dalk net een keer in jou lewe jou mond hou?"

Sy vrou glimlag. "Jy kan bly wees jou radaropsoring het afgegaan, anders het jy nog vinniger gery."

Terwyl die konstabel nog 'n kaartjie uitskryf vir die onwettige radaropsor-der, gluur die drywer na sy vrou en sê met geklemde tande: "Demmit, Vrou, kan jy nie jou blergie bek hou nie?"

Die konstabel frons en sê: "Meneer, ek kan ook sien jy dra nie 'n veiligheidsgordel nie. Dis 'n outomatiese boete van R400."

Drywer: "Ek het hom aangehad, maar afgehaal om my rybewys in my agtersak by te kom."

Vrou: "Kom nou, Skat. Jy weet jy dra nooit jou gordel nie."

Terwyl die konstabel die derde kaartjie skryf, skree die drywer op sy vrou: "Verdomp, Vrou, kan jy regtig nie stilbly nie!"

Die konstabel kei na die vrou. "Mevrou," vra hy, praat jou man altyd só met jou?"

Vrou: "Nee, Konstabel. Net wanneer hy gesuip is."

'n Man kan maar nie wen nie . . .

'n Man sit op die bed en kyk hoe sy vrou voor die spieël doenig is. Omdat sy een van die dae verjaar, vra hy haar wat sy vir haar verjaardag wil hê.

"Ek sal daarvan hou om weer ses te wees," sê sy terwyl sy steeds in die spieël kyk.

Die oggend van haar verjaardag staan hy vroeg op, maak vir haar 'n bak Lucky Charms vir ontbyt, en vat haar toe na die pretpark. Wat 'n dag! Hy sit haar eers op die Death Slide, die Wall of Fear en die Screaming Roller Coaster.

Vier ure later strompel hulle by die pretpark uit. Haar kop draai en haar maag voel onderstebo. Hy neem haar toe na McDonalds en bestel vir haar 'n Happy Meal met ekstra slaptjips en 'n sjokolade melkskommel.

Toe vat hy haar bioskoop toe en koop vir haar springmielies, gaskoeldrank en haar gunsteling sjokolade.

Uiteindelik kom hulle weer tuis, en sy sak uitgeput op die bed neer.

Die man leun oor na haar en vra liefdevol: "Wel, skat, hoe was dit om weer ses te wees?"

Haar oë het stadig oopgegaan, en skielik verander haar hele uitdrukking.

"Ek het bedoel my rokgrootte, jou onnosel swaap!"

Die les? Selfs wanneer 'n man luister, gaan hy verkeerd optree.

YSLIKE PYN

Die ou oom kla by die dokter: "Dok, ek het 'n vreeslike pyn in my roer".

Dokter: "Nou waar sit oom se roer?"

Oom: "Dis wat jý moet vasstel dok, want ek weet ook nie, maar elke keer as ek roer, pyn dit."

Stamboom

Help ons familiesoekers

BARKLEY evedme123@hotmail.com

I need URGENT Help. My grandfather was Arhur Varkley married to Eva they lived in Bloemfontein SA. My dad is Arthur Valentine Barkley. I am Gregory Barkley. Please contact me if u have any information.

BUYS bbproperties@iway.na

Ons is afstammeling van die vanne: Kruger, Ferreira, Venter, van der Berg en Grimbeeks. Almal in die omgewing van Krugersdorp.

ENGELBRECHT 0724384214@VODAMAIL.CO.ZA

Ek is Cornelius Johannes (Johan) my oupa se name. Sy naam op grafsteen (Groblersdal) is Cornelus Johannes. Oupa oorlede 1952. Sy vrou (ouma) nooiensvan was van der Poel, oorlede 1957. Sy seuns was Kerneels? Hennie., Koos, Albertus, Theuns en Connie. Kan iemand my help met inligting oor wie my oupa se broers was en waar hulle gebly het. Hulle self waarskynlik in Nebo distrik Transvaal. Dankie.

ESTERHUIZEN telita.esterhuizen@gmail.com

Pieter Benjamin Esterhuizen 1928 - 1998

Kinders:

1. Gert Albertus Willem Esterhuizen 1952

Kinders: 1.1 Telita Esterhuizen 1991

2. Willie Pieter Jakobus Esterhuizen 1953

Kinders: 2.1 Tobius Benedict Esterhuizen 1979 (?)

2.2 Teya Esterhuizen 1981

2.3 Tallula Esterhuizen 1986

3. Pieter Benjamin Esterhuizen 1959 (Kan verkeerd wees oor die jaar)

3.1 Jano Esterhuizen 1989

3.2 Sanchia Esterhuizen 1991

4. Annalese Esterhuizen 1964

GROENEWALD harry.groenewald@yahoo.com

Ek is besig met familienavorsing en haak vas by my oupa se voorouers. Hy is Hermanus Johannes Christoffel Groenewald, gebore 12 Februarie 1893 te Swellendam, oorlede 9 Julie 1966 in Stanford. Geboortesertifikate is eers uitgereik van 1895 af, en ek is tans in kontak met die NG Kerk argiewe in Stellenbosch om sy doopsertifikaat te bekom, maar die proses is ongelukkig baie stadig.

Sy broers is: (vermoedelik almal gebore in Swellendam)

1. Casper (het nie vollesnaam) gebore 6 Des 1889, oorlede 11 Februarie 1944.

2. Bernadus Petrus, gebore 18 Nov 1897, oorlede 1967.

3. Coenraad - ongelukkig geen verdere inligting beskikbaar.

Sal bly wees as iemand kan help.

Harry Groenewald 19 April 2015

GREYLING carl@lucem.co.za

Oupa aan my ma se kant, Karel David Greyling, seun van Johannes (Jan) Christoffel Greyling. Gebore 26 November 1877 in Ladybrand en gedoop 21 Desember 1884 in Postmasburg.

Johannes Christoffel Greyling was getroud met Maria Caterina Stephina Kruger. Ek soek inligting oor Christoffel Johannes Kruger. As getuie by die doop was Karel David Kruger en Levina Cecilia Kruger.... ek neem aan dit was of 'n oom, neef of skoonpa...

HORN nenuschka.visagie@gmail.com

Willem Albertus Horn gebore tussen 1920 – 1927. Oorlede 8 Mei 1982. Wil net meer weet oor my familie stamboom en waar ons entlik vandaan kom. Dankie vir u.

KITCHING harmsea@dirco.gov.za

Op soek na Gideon Johannes Kitching. Geboorte datum 2 Julie 1966. Was getroud met Bernadette. Hulle het voorheen in Mountain View, Pretoria gewoon.

LEFF marthaleff@gmail.com

My man se familienaam, Leff, kry ek nêrens nie. Weet julle iets van hul geskiedenis af? Ek het redelik inligting daarvoor, want 'n neef het dit blykbaar nagevors en 'n klein boekie saamgestel, maar op webwerwe kry ek niks. Kan iemand my help met my famielie se geskiedenis?

HONDE IS WELKOM IN ONS HOTEL

Hier was nog nooit 'n hond wat
in die bed gerook en die
komberse aan die brand
gesteek het nie.

Hulle het nog nooit ons
handdoeke gesteel, die TV te
hard gespeel of met 'n
kamermaat baklei nie.

Hier was nog nooit 'n hond wat
dronk geword en meubels
verniet het nie.

As jou hond kan instaan vir
jou goeie gedrag, is jy welkom
in ons hotel.

- *Die Bestuur*



**MOENIE
SJAMPOE
GEBRUIK
NIE!**

**DIS BAIE
SKADELIK
VIR JOU!**

MOENIE jou hare
met sjampoe
was as jy stort
nie!

Baie doen dit,
dan loop die
sjampoe teen
jou lyf af. Lees
op die bottel:

**FOR EXTRA
BODY AND
VOLUME**

**Geen wonder
mense sit gewig
aan nie!**

**Gebruik liever
SEEP VIR
SKOTTELGOED**

**Op die bottel
staan:**

DISSOLVES FAT

**Einde van jou
probleem!**

Prokureur se raad

'n Priester, 'n dokter en 'n prokureur het gholf
gespeel en bevind hulle agter 'n viertal wat baie
stadig speel.

Uiteindelik gaan kla die dokter by die
klubsekretaris.

"Ja, dit spyt my," sê die sekretaris, "maar hulle is
brandweermanne wat hul sig verloor het toe hulle
'n brand by die klubhuis bestry het. Uit erkenning
laat ons hulle gratis speel. Maar omdat hulle blind
is, speel hulle stadig."

"Dis baie hartseer," sê die priester. "Ek sal hulle in
my gebede opdra."

"Ek wil graag help," sê die dokter. "Ek sal hulle
gratis ondersoek en kyk of daar iets aan blindheid
gedoen kan word."

Die prokureur het die viertal 'n rukkie dopgehou,
en vra toe: "Waarom kan hulle nie in die nag speel
nie?"

**Ons bestee baie
geld aan nuwe
klere, maar die
aangenaamste
oomblikke in die
lewe is eintlik
wanneer jy sonder
klere is.**

BEPLANNING VIR JOU OUDAG

As jy 'n jaar gelede R1,000 se Nortel-aandele gekoop het, is dit nou R49 werd.

Met Enron sal jy net R16.50 van jou R1,000 oorhê.

Met WorldCom sal jy minder as R5 oorhê.

Maar as jy 'n jaar gelede R1,000 se wyn gekoop, dit uitgedrink en die bottels vir
herwinning ingeruil het, sal jy nou R214.00 in jou sak hê.

Gebaseer op die bostaande is die beste huidige belegging om swaar te drink en
die bottels te herwin.

Vertel almal vir wie jy omgee hiervan, en sê hulle moet nou dadelik begin.

**Hierdie inligting is 'n openbare diens - daar is geen rede om ons te
bedank nie.**



Dalk moet ek maar liever weer begin ROOK

Vandat ek vier dae gelede opgehou rook het, doen en sê mense goed wat my die vaal flerrie in maak.

Soos wanneer iemand na sy arm wys as hy vra hoe laat dit is. Ek weet waar my horlosie is, pel - waar de f-k is joune? Wys ek na my lieste as ek vra waar die toilet is?

♦Of soos wanneer iemand gewillig is om van sy stoel af op te staan en die hele donnerse kamer vol te soek na die langarm omdat hy weier om na die TV toe te stap en die kanaal te verander.

♦Of as iemand sê: "Dis altyd op die laaste plek waar jy soek."

Natuurlik is dit! Hoekom sal jy nou f-kken aanhou soek nadat jy die donnerse ding gekry het?

♦Of as jy in 'n fliet sit en iemand vra: "Het jy dit gesien?"

Nee, poephol, ek het R30 betaal om na die fliet te kom en na die vloer te staar!

♦Of as hierdie advertensie-dose iets adverteer se: "New Improved".

Wat is dit nou eintlik??? Ek meen, as iets nuut is, was daar mos nie iets voor dit nie, en as dit "improved" is, moes daar mos iets gewees het waarop hulle verbeter het. So hoe de f-k kan dit nou "New" EN "Improved" wees?

♦Of as iemand sê: "Die lewe is kort" K-k man! Dis die langste f-kken ding wat enige een van ons ooit sal doen! Wat gaan jy doen wat langer as dit is?

♦Of as jy vir die bus sit en wag en iemand vra of die bus al gekom het. As die bus al gekom het, sou ek nog hier gesit en wag het, poephol?

EK DINK EK MOET MAAR LIEWER WEER BEGIN ROOK VOOR EK IEMAND AANRAND.



Groot Hennerik van Wes-Transvaal

en die Jood se tange

In die Verre Wes-Transvaal, naby Leeudoringstad, het oom Hendrik Fouché geboer - oom Groot Hennerik. Hy was oor die ses voet lank, met 'n paar hande soos skaapboude, en sterk - moenie praat nie! Hy het eendag 'n blouwildebees naby Wildebeeskantoor geskiet, die pens oopgesny en die binnegoed uitgehaal. Toe het hy die karkas op sy skouers gelaai, en aangestap huis toe - ses myl ver.

Op 'n dag staan ek en oupa in Heller se winkel op Bothaville. Oom Groot Hennerik kom in en groet ons. Hy gaan staan by die toonbank met sy hande weerskante van hom op die toonbank.

Die ou Jood kom handevrywend oorkant hom staan: "More miester," groet Hennerik.

"Kan ek jou help?"

"Ja, ek soek 'n draadtang."

Heller stap na 'n kas toe en kom met 'n draadtang terug. Oom Groot Hennerik vat die tang en druk-druk hom so, en "klips" is die tang in twee stukke. Die ou Jood draai woordeloos om en bring 'n groter tang.

"Dié tang sal jy nie breek nie. Hy kom van Sheffield af, in Engeland!"

Oom Groot Hennerik vat die tang en bekyk dit. Hy kyk die ou Jood in die oë en druk -druk die tang. Niks gebeur nie. Miester Heller kyk vir oupa en glimlag. Oom Groot Hennerik kyk vir Oupa en grimlag. Oom Groot Hennerik maak sy hand toe. Oupa en miester Heller kyk vir hom en "klips" lê die tang in twee stukke!

Oom Groot Hennerik sê: "Nee man, het jy nie 'n ordintlike tang nie?"

Heller beduie woordeloos met sy hande, skud sy kop, en toe bars hy los: "Loep!, loep! Loep daar na Mervis toe! Gaan breek sy tange!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Sy maak 'n gaatjie in die grond met 'n grafie, lig 'n plantjie uit die bak, en laat sak dit tot in die gaatjie in die bedding.

Deur DANA SNYMAN

Onlangs ry ek deur 'n dorp in die Karoo. Ek ry sommer net en kyk na die stoepe, die windpompe, die vyebome, die verlatenheid. Skuins oorkant die NG kerk vang my oog iets: In 'n tuin is 'n hoë ysterpaal ingeplant, met 'n tamaai motorband aan die bopunt vasgemaak

Onder dit staan 'n ou tante vooroor gebuk oor 'n bedding. Haar kop is al grys en haar bruin huisrok trek krom oor haar skouers. Dit lyk of sy iets plant.

Ek trap rem en hou voor die huis stil. Daardie band aan die paal moet iets beteken, besluit ek, skakel die enjin af, en klim uit die motor. Dis iets wat my interesseer: Die manier waarop mense op afgeleë plekke sin aan hul lewe gee.

Ek stap na die hekkie wat langs 'n posbus aan 'n paal klou. Dis laatmiddag en 'n koel luggie slaan uit die grond op.

"Middag, tante," groet ek. "Jammer ek pla."

"Mirrag, my tjênd." Sy kom orent in die bedding. Sy het rubberhandskoene aan en druk met een in die waai van haar rug. Ek beduie na die band aan die paal. "Hoekom hang daai tyre daar, tante?"

"Aag, hy hang sommer net daar, tjênd."

Sy wikkel eers die een handskoen af, dan die ander. Ek kyk na haar hande: Dit is knopperige oumenshande vol are, 'n blou delta onder 'n gevlekte vel. Aan haar pols wieg 'n horlosie heen en weer aan 'n kettinkie. Sy kyk daarop.

"Dit word laat, tjênd," sê sy dan. "Jou tante moet nog biduur toe gaan."

"Tante kan seker maar vir my sê hoekom die tyre daar hang."

"Ek moet loop regmaak vir biduur, tjênd. En hierie blomme moet nog geplant raak." Sy wys na die bak met plantjies langs die bedding.

"Het tante die tyre daar laat opsit?"

"Nee, tjênd."

Miskien gaan ek nou te ver, besluit ek. Miskien moet ek groet, terug in die motor klim, en ry. Maar toe praat die tante.

"My ou man het dit daar gehang," sê sy en kyk na die band bokant haar kop.

"Nou hoekom het die oom dít gedoen, tante?"

"Hy het alie jarre vir die administrasie padskraper gedryf, tjênd – die dag toe hy aftree, toe kom hang hy die skrapperwiel hier op."

"Hoekom, tante?"

"Dis was 'n harde lewe, tjênd."

Om die hoek van die huis kom 'n foksterriër gedraf, snuffel-snuffel.

"Jy moet jou tante nou verskoon, tjênd. Sy moet nou haar plantjies klaar plant." Sy wikkel weer die handskoene aan.

"Dis dan nou winter, tante," sê ek. "Als ryp dood."

Sy kyk na my asof sy my jammer kry. "Dis gesiggies, tjênd. Hulle blom in die winter."

Sy maak 'n gaatjie in die grond met 'n grafie, lig 'n plantjie uit die bak, en laat sak dit tot in die gaatjie in die bedding. Dan druk sy die grond romdom dit met haar hande vas; liefderik doen sy dit terwyl 'n swerm duiwe oor die huis vlieg en

die koue luggie aan die vyeboom by die stoep se blare streef.

“Nou help die oom tante nie in die tuin nie?”

Sy kom weer regop in die bedding. Die duiwe, die vyeboom se blare, die foksterriër, die windpomp agter-in die erf – dit is asof alles opeens stil raak toe die tante sê: “Die oom is al oorlede, tjênd. Hy is al 26 jaar gelede oorlede.”

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 8 JUNIE 2015